NUWE KAARTSTELSEL VIR SNOEPIE (E-CASH)

Ons het ‘n nuwe program in werking gestel by ons snoepie om ons leerders vinniger te help tydens pouses, maar ook om kontantaankope uit te sny waar leerders se geld kan wegraak. Die stelsel is gebaseer op ‘n kaart wat elke leerder aankoop teen ‘n eenmalige bedrag van R 30.00, waarop u as ouer dan vir u kind snoepie- / sakgelde kan inbetaal.

Hierdie R 30.00 en sakgeld moet asb apart van enige skool- of koshuisgelde inbetaal word. Dit maak dit vir die leerders baie veilig omdat slegs hy/sy met hierdie kaart kan koop.

Elke kaart het sy eie strepieskode wat gekoppel is aan die kind se volledige persoonlike inligting. ‘n Foto van elke leerder word op hierdie kaart geplaas om identifisering met aankope te vergemaklik. Daar sal elke maand ‘n diensfooi van R 6.50 gehef word op u kind se kaart as hy/sy enige aankope vir die afgelope maand gemaak het. Sou daar nie aankope gewees het nie sal die kind geen bedrag hoef te betaal nie.

Indien u kind se kaart verlore sou raak, kan hy/sy die kaart kom kanselleer by die kantoor en teen R 30.00 weer ‘n nuwe kaart aankoop. Die krediet op die vorige kaart sal oorgedra word na die nuwe kaart. Let asb daarop dat geen kontantaankope na 29 Februarie 2012 sal kan plaasvind nie, behalwe tydens sportbyeenkomste en funksies. Alle Wagposleerders moet dus ‘n kaart hê om by die snoepie te kan koop. Die geld vir die kaarte moet asb niks later as die 28ste Februarie 2012 in betaal wees nie, omrede die kaarte gedruk moet wees voor Maart 2012. Hieronder is ‘n voorbeeld van hoe u kind se kaart sal lyk:

Gestig 1928

DIE HOËRSKOOL WAGPOS

Zani Bezuidenhout

12325468487712

086 2099 3015